NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 28
18 Augustus 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Hooplose einde verander in eindelose hoop

**2020 was op alle terreine 'n "anderste" jaar. Ook in ons gemeente. Elke gemeentelid het, soos elke jaar, 'n gemeentekalender gekry waarop alle byeenkomste, geleenthede, eredienste, ensovoorts, uitgestippel is. Almal weet presies wat elke dag gebeur. Niks kan verkeerd gaan nie. Nie?**

Ons vergeet so maklik wat Jakobus 4: 13 en 15 sê: *Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." ... Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen."*

Die mens beplan, maar God is aan die stuur. Dit het ons nou weer ondervind.

Skielik, op 'n dag, hoor ons van 'n pandemie, Covid-19, wat 'n vastrapplek gekry het en die hele wêreld, ook Suid-Afrika, in sy tentakels van paniek vasgegryp het. Ook die kerk word geraak en skielik was dit nie meer moontlik om ons tradisionele manier van kerkwees voort te sit nie. Dit was tyd om kreatief te dink oor hoe om kontak met gemeentelidmate te behou en die evangelie te verkondig.

Watter gemis was dit nie om nie eredienste te mag hê nie! Gelukkig leef ons in 'n tyd waar informasietegnologie met rasse skrede voortmarsjeer. Kreatief dink het elke lidmaat feitlik daagliks 'n kort WhatsApp-boodskap ter bemoediging en lering laat ontvang. Later, toe eredienste weer, onderworpe aan heelwat voorgeskrewe regulasies, 'n aanvang kon neem, was dit 'n groot seën vir diegene wat, weens omstandighede, hulle liewer van sosiale kontak moes weerhou. Hulle kon per videoskakel as't ware tot binne-in ons kerkgebou beweeg en ons dominee op die kansel sien en na die prediking luister. Omdat alles op Facebook gedeel kon word, is baie niegemeentelede ook bereik.

Die hervatting van eredienste was onderhewig aan verskillende reëls, regulasies en protokolle. Slegs 50 persone kon 'n erediens bywoon, en daarom moes almal vooraf laat weet as hulle 'n diens sou bywoon. Daarby moes almal 'n gesigmasker dra en nie sing nie, en 'n register van almal wat die diens bywoon, moes gehou word. Daarop moes elkeen se naam, ID-nommer, adres, kontakbesonderhede en gesondheidstoestand aangebring word. Elkeen se koors moes gemeet en hande ontsmet word. Sitplekke is aangewys om 'n sosiale afstand van 1,5 meter te handhaaf. Voor elke erediens is die kerkkompleks deeglik skoongemaak en ontsmet. Selfs 'n sertifikaat is ter bevestiging daarvan uitgereik.

Nagmaal was uniek. Die "saamwees" met Nagmaal is behou, maar pleks van om by 'n gemeenskaplike tafel aan te sit, is skoolbanke gebruik sodat elke gesin sy eie "gesinstafel" kon hê met 'n eie bordjie – brood en kelkie(s).

Die diakens het inderhaas kospakkies vir behoeftige gesinne opgemaak, en reëlings is getref dat siekes, bejaardes en gemeentelede wat hul werk verloor het, gereeld gebel word. Medegemeentelede het mildelik tot die versorging van laasgenoemde bygedra. Dit was wonderlik hoe gemeentelede wat dit kon bekostig, meer as hul gewone offergawe begin gee het om die druk op die Kerk se finansies te verlig. Verdere fondse is geïn deur kreatiewe projekte aan te pak.

Toe die Covid-beperkingsmaatreëls opgehef is, was daar gedempte opgewondenheid wat gou in jubelsange oorgegaan het. Ons kon God weer dien terwyl ons mekaar in die oë kyk, 'n handdruk gee en jubelend sing! Deur die Gees kon ons weer soos voorheen aanbid!

Waarlik, met die stuur stewig in die hand van ons Heer en Meester, het die pandemie nie ons gemeente moedeloos gemaak nie. Hy na wie selfs die wind en die see luister, is in beheer, en Hy sorg dat sy Kerk ongeskonde bly.

**Dr Daan Grobler, ouderling**
**Gemeente Alberton**

*** *Die Hervormer* van September 2022 se middelblad sal 'n fotobeeld gee van Alberton en ander gemeentes se hantering van die gemaskerde Covid-krisis.

## Lief en leed



Prof Gert Pelser

- **Prof GMM (Gert) Pelser** (86) is Vrydag 12 Augustus in 'n hospies oorlede nadat hy aan die einde van Mei vanjaar gediagnoseer is met pankreaskanker (graad 4). Sy **roudiens** op **Vrydag 19 Augustus om 11:00** vanuit **Gemeente Wapadrant** sal gelei word deur prof LJS (Lourens) Steenkamp. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Sarie, en hul familie.



Ds Francois Labuschagne

- **Ds F du C (Francois/Lappies) Labuschagne** (91) is Sondag 14 Augustus oorlede na 'n lang siekbed. Hy is verlede week uit die hospitaal ontslaan en is tuis oorlede. Sy **roudiens** vanuit **Gemeente Pierneef** sal gelei word deur sy swaer, ds WH (Wilhelm) Steyn; die datum en tyd sal later gefinaliseer word. Ons innige simpatie gaan aan sy dogter, Sonia, en hul ander naasbestaandes. Sy vrou, Ria, is in Julie 2021 oorlede, en twee van hul drie kinders, Isabel en Kobus, het hulle vroeër ontval.



Mev Martie Rex

- **Mev Martie Rex** (97) is Vrydag 12 Augustus 2022 oorlede. Sy was nie siek nie. Haar dogter, Martie, het laat weet dat mev Rex lank in Kruinsig gewoon het, later in Haven Village en toe in Glenhaven. Die laaste drie weke van haar lewe was sy in Tree of Life in Eldoraigne. Sy het stil gesterf in die dokter se spreekkamer, met haar dogter by haar... Mev Rex was die weduwee van dr Herman M Rex, wat van 1964 tot 1981 'n personeellid by die Sinodale Dienssentrum was en as argivaris skielik op 29 November 1981 oorlede is, op 63 jaar, voordat hy afgetree het. Sy private versameling, wat ook korrespondensiestukke van mev Rex insluit, word in die Kerkargief bewaar. Mnr Nándor Sarkady, ons huidige argivaris, sê dat die Rex-egpaar lidmate was van onder andere gemeentes Pretoria, Pretoria-Suid en later Pretoria-Oos. Toe hy en ds Schalk Zastron haar in 2016 besoek het, was sy reeds oor die 90, baie helder van verstand en 'n waardige dame. Die **roudiens** vind plaas op **Saterdag 20 Augustus om 11:00** vanuit **Gemeente Wapadrant**. Ons innige simpatie gaan aan haar dogter en hul ander naasbestaandes.



Oud-ouderling Dries Wolmarans

- **Oud-ouderling ADW (Dries) Wolmarans** (86) het ons op 10 Augustus ontval. Hy was 'n merkwaardige mens, hoogs intelligent maar altyd nederig. As ouderling en skriba van Gemeente Randburg het hy vir jare sy plek volgestaan. Hy het as ouderlinglid vir twee termyne (1992-1998) in die Kommissie van die AKV gedien. **Op die foto** is hy juis as lid van die Ordekommissie met 'n klokkie besig om die einde van die pouse aan te kondig. Hy het as elektriese ingenieur hoë agting onder sy kollegas geniet. In die destydse Suidwes-Afrika het hy as hoofingenieur 'n belangrike rol vervul met die totstandkoming van 'n nasionale kragvoorsiener, SWAWEK, nou NamPower. Hier te lande het hy 'n florerende firma, Xamax Electrical SA, gevestig. By die Bybelgenootskap word hy onthou as 'n goeie en lojale vriend. Hy het vir baie jare die NHKA onbaatsugtig verteenwoordig in die streekrade van Windhoek en Johannesburg. Hy was ook vir tydperke namens die Johannesburg Streekraad in die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van SA. Sy bydraes op vergaderings het altyd gespreek van deeglike voorbereiding en 'n weloorwoë mening. Ds Wilhelm Steyn (emeritus) sê: *As hy my kantoor besoek het, het hy altyd met iets wetenswaardig en interessant, en soms met 'n strikvraag, vorendag gekom.* Ons innige meegevoel gaan aan sy vrou, Barbara, hul vier kinders en ander familie.



Ds Willie Strydom

- **Ds WA (Willie) Strydom** (60) van Johannesburg-Suid/Eikenhof ondervind tans ernstige oogprobleme. Ons bid hom spoedige beterskap toe, en baie sterkte vir hom en sy vrou, Erika.

- **Diak Wilna Gates**, voorsitter van die Kommissie van die ADV, het gedurende Julie geval en haarself ernstig beseer. Haar regterenkel het erg geswik en die ligamente gerek, en haar regterskouer het sleg gebreek. Sy herstel tans stadig maar seker, en moet nog tot in September 'n hangverband dra. Ons bid haar algehele herstel toe.

- **Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (emeritus) se jongste seun, Dawid** (57), het terminale kanker weens 'n gewas op die brein. Hy het reeds as student kanker oorwin, en was in remissie, maar die kanker het nou hervat. Ds Martyn en sy vrou, Babs, wat by Dawid en sy vrou op 'n plaas naby Standerton woon, het reeds vroeër twee van hul vyf seuns aan die dood afgestaan – twee ander het verdrink. Hul seun ds FJ (Frans) Redelinghuys van

Sasolburg het aan die einde van April vanjaar geëmeriteer. Ons bid Dawid en sy vrou die Heer se bystand toe in hierdie moeilike tyd, en baie sterkte aan die familie.

- Baie sterkte aan **ds GS (Stephen) de Beer** van Noordwestelike Pretoria, wat pas uit die hospitaal ontslaan is na 'n galblaasoperasie, en **ds W de V (Willem) Sauer** van Waterberg, wat ook tans herstel na chirurgie.

- Baie geluk aan **ds MA (Michael) en Andrea Müller** van Klerksdorp-Wilkoppies met die geboorte van hul dogtertjie **Marniëlle** op 26 Julie!



Ben Schoeman
(Foto: Zach Gerard)

- Prof Marinus en mev Marie Schoeman van Philadelphia se seun, **Ben Schoeman**, internasionaal bekende konsertpianis en oud-Affie, tree **Sondag 4 September** op by sy alma mater, die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Dit is deel van die Momentum Beleggings Aardklop-fees (voorheen Aardklop Nasionale Kunstefees). Kaartjies vir *Ben Schoeman en vriende: 'n Fanfare van klavier en blasers*, is by Ticketpro beskikbaar. Ben sal die verhoog deel met Jaco van Staden (Franse horing), Lizet Smith (klarinet), Gary Roberts (hobo), Esther Watkinson (fagot) en Anna-Maria Vermeulen (fluit).

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
    - Donderdag 18 Augustus: Dr GMJ (Gafie) van Wyk (64) (Kaapstad)
    - Vrydag 19 Augustus: Dr CJ (Christo) Viljoen (90) (emeritus), di HF (Hennie) la Grange (62) (Kampersrus) en JD (John) Putter (69) (emeritus)
    - Saterdag 20 Augustus: Di Y (Yvette) Scholtz (25) (Magaliesmoot) en MM (Marike) van der Merwe (44)(beroepafwagtend)
    - Maandag 22 Augustus: Ds WH (William) Harmse (60) (Alberton-Wes)
    - Vrydag 26 Augustus: Dr C (Chris) le Roux (65) (Stellenbosch/Worcester) en ds JJ (Joseph) Steÿn (40) (Klerksdorp-Oos Môrester / Orkney)

## Gemeentes en bediening

- **Pos beskikbaar by Gemeente Middelburg-Noord**
  **Musiekkoördineerder en Begeleier**
  Met ingang van 1 September 2022
  Kontak ds Colin Hertzog vir inligting
  082 326 7312

- **Vakature vir Operasionele Beampte, Gemeente Wapadrant in Pretoria**
  **Primêre verantwoordelikhede**: Daaglikse koördinering en bestuur van nie-bedieningspersoneel; daaglikse bestuur van geboue, perseel en fasiliteite, asook koördinering van instandhoudingswerk soos nodig; administratiewe en sekretariële dienste aan die predikante en groepe in die gemeente; omvattende finansiële dienste, insluitend maar nie beperk nie tot ontvangs van inkomste van watter aard ook al, boekstawing van rekords, bank van gelde, verwerking en prosessering van betalings en verslagdoening; omvattende administratiewe take soos nodig vir gemeenterekords, verslagdoening, agendas en notules, ensovoorts; bestel, aankoop en beheer van skoonmaakmiddels, verversings en verbruikersgoedere soos nodig; en ontvangs van aflewerings.

  **Vaardighede en karaktereienskappe:** Interpersoonlike en kommunikasievaardighede; goeie Office 365- en Pastel-vaardighede; passievol en energiek; bestuurs-, organiserings- en koördineringsvaardighede; administratiewe, sekretariële en rekordhoudingsvermoë; probleemoplossing; finansiële kennis en vaardighede; en leersaamheid.

  **Posinligting:** Die werkure is Maandae tot Vrydae 08:00 tot 15:00; Sondae 08:00 tot 10:30; en beskikbaarheid om nauurse probleme rakende instandhouding of fasiliteite te hanteer.

  **Aansoek:** Stuur 'n volledige CV na **vakatures@diekerk.com voor of op Vrydag 19 Augustus 2022**.

- **Sondag 21 Augustus: Bybelsondag**
  **Spesiale deurkollekte vir Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
  Die besondere vennootskap tussen die Kerk en die BSA om bekostigbare Bybels te voorsien, strek al oor baie jare. Soos aanbeveel deur die Kommissie van die AKV, vind die **jaarlikse deurkollekte** vir die BSA vanjaar plaas op Sondag 21 Augustus. Dit staan bekend as Bybelsondag en val saam met die herdenking van Bartolomeusnag. Die vervolging van die kerk het in die geskiedenis gewoonlik gelei tot die verspreiding van die evangelie. Die **deurkollekte is vervroeg** omdat Hervormingsondag (30 Oktober) te naby aan die einde van die BSA se finansiële jaar is en die bydraes dan nie betyds inbetaal kan word nie. Gemeentes word dus versoek om die deurkollekte van Sondag 21 Augustus so gou moontlik daarna aan die BSA oor te betaal.

- **HOOP IN BEWEGING: UITDAGING 2022**
  **Gemeente Outeniqua** daag weer vanjaar al die ander gemeentes van die Kerk uit om in te skryf vir die **Draf-Stap-Trap vir Bybels** en die afstand na hulle toe virtueel af te lê. Outeniqua sal dan die uitdaging beantwoord deur dieselfde afstand ook virtueel af te lê. Outeniqua is bereid om met die gemeente wat die verste afstand aflê, te beraadslaag om saam 'n projek aan te pak. Die Bybelgenootskap sal 'n aantal Bybels en boekies met Bybelverhale aan die twee gemeentes skenk om na goeddunke aan te wend. Skryf ***hier*** in as groep.

- Die **SP Engelbrecht-museum** vra asseblief die volgende **skenkings**, en sê **dankie** vir die skenkings wat reeds ontvang is:
  - Bulsak, ou besonderse laslappiekombers, donsveerkussing met besonderse sloop vir ons wa-katel.
  - Ou vetkers in outydse blaker.
  - Vroue- en manspruik.
  - Vir domineepop: wit of gekleurde dashemp, baard.
  - Een sittende vrouemannekyn/damespop.
  - 'n Stukkie vars roltabak; ou pakkie sigarette.
  - Die oudste bottel Nagmaalwyn in die ganse Kerk; 'n spoggerige Nagmaaltafeldoek, gehekel of kant.
  - Troufoto van mnr en mev De Loor, 1929. Haar trourok is in die Museum.
  - Drie sakke potgrond vir die groot potplante by die Museum.
  - Ou lessenaarlaaie vir uitstallings – ons plaas perspex bo-oor.
  - Donasie vir die raam van Museumafdelings se name – ons het glas en rame.

  Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of **cjdb@boomaap.co.za**. Die Museum in Eloffsdal, Pretoria is op afspraak oop, enige tyd of dag. Reël asseblief net 'n dag of twee vooraf.


## Vergaderings

- Dinsdag 23 Augustus: Rata Gholfdag
- Woensdag 24 Augustus: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 25 Augustus: Pensioenvergaderings
  ADV-webinaar TOIBO
- Vrydag 26 Augustus: Raad van Finansies

## Kerklike publikasies




- Die **Augustus 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** word deur **ds Hannelie Botha** ingelui met verskeie gedigte, gesien deur die oë van die digter AG Visser en die sanger Danie Niehaus, opgedra aan die *Vrou*. In **Hooglied 4: 14** lees ons die enigste keer in die Bybel van saffraan. Kom stap saam met ons die pad van een van die duurste speserye in die wêreld in *Saffraan is goud werd!* **Sonette Benson**, NHSV voorsitter Vaalrivierstreek, skryf in *Hoop in 'n pêrel* van 'n kuieroggend met die sangeres en spreker Sonja Herholdt en die motivering, bevestiging en hoop wat sy deel uit die lewenspad wat sy gestap het. Ons sluit die Vrouemaand-uitgawe af met *'n Knap vrou* van Spreuke 31. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- Die elektroniese weergawe van **prof IWC (Natie) van Wyk** se **boek oor Philipp Melanchthon** is pas gepubliseer. Belangstellendes sal daarvolgens kan oordeel of hulle 'n harde kopie sou verlang. Soos met sy Luther-boek, kan hierdie boek deur prof Van Wyk teen halfprys bestel word. Dit sal in die omgewing van R300 wees (deur AOSIS sal dit minstens R700 wees). Laat weet hom asseblief so gou moontlik by **hto@mweb.co.za** indien u in 'n hardekopieweergawe belangstel, sodat hy dit namens u kan bestel. (Die elektroniese weergawe kan gratis afgelaai word. Kyk by AOSIS Scholarly Books.)

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit vind plaas via Zoom, van 09:00 tot 11:00, en wel nog op die volgende drie datums:

  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**

- **Gratis eKonferensie 1-2 September 2022**
  ***Resilience: Psalms and/or Prophetic Literature***
  Fakulteit Teologie en Religie
  Departement Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte
  Skakel vir Dag 1:
  **https://eu.bbcollab.com/guest/8d52ae4d044d48879bb90d71d6d0213f**
  Skakel vir Dag 2:
  **https://eu.bbcollab.com/guest/11d4b6583bd24be787a690983348ed0e**

- **Excelsus: Lentekonferensie (aanlyn)**
  **20-22 September 2022**
  *Vreugde in oorvloed: Geloof in 'n tyd van skaarste*
  **NHKA-deelnemers:** Proff Tanya van Wyk en Jaco Beyers
  Inskrywingsgeld per elektroniese oorplasing
  Bewys van betaling na **excelsus@up.ac.za**
  **Kursusfooi:** R360
  **Inbetalings:** TSO, ABSA, takkode 632005, rekeningnommer 142 0830 463
  Verwysing: LK plus naam en van van individu, of
  LK plus naam van gemeente indien vir meer as een betaal word
  **Kansellasiefooi:**
  Voor of op 31 Augustus: 50% van die kursusfooi
  Na 13 September: 100% van die kursusfooi

Ontvangs van inskrywing geskied per e-pos
(Indien e-pos nie voor 13 September 2022 ontvang word nie,
kontak Rika by **excelsus@up.ac.za**)

- **Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap**
  **Jaarlikse konferensie 2022: 27 September**
  Tema: *Gereformeerde bediening vandag: Impak, uitdagings en geleenthede*
  Subtemas: Toepaslike prediking; worsteling met sekularisme; gebruik van tegnologie tot voordeel van die bediening; bediening van alle mense in die moderne konteks; doeltreffende pastorale werk wat op spesifieke groepe fokus (bv jeug, enkellopendes, bejaardes); voortgesette teologiese opleiding; en die behoefte aan Christelike dienende leierskap
  **Plek**: Teologiese Skool Potchefstroom / Aanlyn
  **Koste**: In persoon R300 (sluit verversings en middagete in); aanlyn R100
  **Program:** Word nader aan die konferensiedatum gepubliseer
  Om vir die konferensie te **registreer**, stuur jou kontakbesonderhede en bewys van betaling aan Mohau Ntlhe (**mohau.ntlhe@nwu.ac.za**) **voor 31 Augustus**.
  **Bankbesonderhede**
  Rekeningnaam: In die Skriflig
  Bank: ABSA
  Tak: 632005
  Tjekrekeningnommer: 670411664

## ’n Gedig

vi

Stamvader Adam verdien ons almal se bejammering
vir alles wat hy moes ontbeer en steeds verduur
net omdat hy die eerste mens was.
Absolute weeskind was hy, by wyse van spreke,
reg van sy geboorte af, want hy is nooit gebore
en nooit was hy kind nie. Die jare van die lewe
wat die mooiste moet wees, het hy nie geken nie.
Geen vader het hom leer speel of saans laat droom
met stories, geen moeder het hom gesus met wiegeliedere.
Geen lente was in sy lewe nie, sommer somer was dit
reg van die begin, met die winter kort om die draai:
die lewenslange straf sonder versagtende omstandighede
vir ’n eerste enigste glips. En daarna: die lang skaduwee
van die sonde wat hy onwetend in die wêreld bring
en deur die sonde die dood: ongevraagde erfenis.

**MM Walters**
(Uit: *Sprekende van God*, 1996)

## Fondsinsamelings

- Die jaarlikse **Draf-Stap-Trap vir Bybels** se inskrywings is steeds oop! Jy kan op enige plek en enige dag **tussen 1 en 21 Augustus 2022** deelneem. Inskrywings kos **R100 per persoon** en help die Bybelgenootskap om Bybels beskikbaar te stel. Elke deelnemer kry ’n nommer asook ’n bewys van deelname. Skryf ***hier*** in. Baie dankie dat jy ’n Saaier van Hoop is!

- **Rata se Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste se jaarlikse Gholfdag vind vanjaar op **23 Augustus by Silver Lakes Golf & Wildlife Estate** plaas – dit is hul agtste Gholfdag. Rata vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

- Rata **DRIVE for a CHILD Gholfdag-kompetisie**. Ondersteun kinderbeskerming en staan 'n kans om 'n **VIERBAL ter waarde van R4 600** te wen by Rata se Gholfdag op 23 Augustus. Vierbal, twee gholfkarretjies, middagete en aandete by die prysuitdeling ingesluit. **Inskrywingsfooi slegs R100.** Stuur asseblief bewys van elektroniese betaling aan **fin@rata.org.za**. Kontak Annelle by 064 437 5997 vir meer inligting.
  **Bankbesonderhede**
  Rata
  Absa tjekrekening 020 600 209
  Takkode 632 005

- **Vrydag 2 September: Gemeente Oos-Moot**
  **SANGAAND VANAF 19:00**
  Kunstenaars: Jannie Moolman & Helena Ceronio
  NG Kerk Queenswood in Garretweg 249, Queenswood, in kerkgebou
  R150 per persoon (geen sitplekaanwysings)
  Elektroniese betalings na:
  NHKA Oos-Moot
  ABSA-tjekrekening nommer 143 058 0201
  Tak 632 005
  Verwysing: Sang & Van (bv Sang Botha)
  Stuur bewys van betaling na **nhkaoosmoot@gmail.com**
  of WhatsApp / Telegram / SMS na 078 877 6732
  (reëlings sal met u getref word om die kaartjies by u te kry)
  Kaartjies ook beskikbaar by NHKA Oos-Moot, Collinslaan 1265, Môregloed
  Tydens pouse sal eetgoed te koop wees –
  geen eet en drink word in die kerkgebou toegelaat nie
  Kontak Magdaleen van der Schyff by 012 333 4918 of 064 907 7611
  **MARKAAND VANAF 16:30**
  NG Kerk Queenswood in Garretweg 249, Queenswood
  Witolifanttafel en heerlike eetgoed te koop
  Kom ondersteun ons asseblief!

- **Gemeente Ventersdorp: Basaar**
  **Saterdag 3 September vanaf 08:30**
  Gratis springkasteel vir kinders
  Vars vleis, biltong, droëwors
  Handwerk
  Heerlike eetgoed
  Navrae: Ds Waldo Pretorius 071 619 6192

- **Loslitdag Vrydag 2 September 2022.** Plakkers kan by mev Arina Jooste, uitvoerende hoof van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys **(TOIBO)**, bestel word by **toibo@imaginet.co.za**. Vir elke plakker van R20 kan TOIBO R9 hou en die balans oorbetaal aan die Nasionale Raad van en vir Persone met Gestremdhede (NCPD). Onthou ook: **Spesiale deurkollekte vir TOIBO op Sondag 4 September!**

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Allegaartjie




Mev Susan la Grange, predikantsvrou van Kampersrus, laat weet: *Ek het net gedink ek moet hierdie oomblik met julle deel. Net voor ons erediens Sondag begin het, het 'n gemeentelid my gevra of ek gesien het my man se naam op die naambord by die hek van die kerk is verander. Wel, ek het dadelik soontoe gestap en op dié afgekom! Nogal skerp, dink ons. Ons dink dit was bona fide kattekwaad en die gemeente het lekker gegiggel. Ten minste kon die persoon Lasagne spel! Eerste wat Hennie gesê het van die kansel af, was: "Nouja toe! Hierdie moet Hervormer toe!" (Hy is baie lief vir Lasagne!)*

## Barmhartigheid

- **ADV-webinaar: 24 Augustus om 19:00**
  *Reis saam met mense in nood*
  Kom luister na Quinton Adams, *The Shack Builder*
  Registreer ***hier***

- **DPS Pleegsorg: Kamp**
  **3-7 Oktober 2022**
  **Tarentaalpan, Thabazimbi**
  Indien u sou belangstel om een van die 36 kinders te borg teen R1 500 per kind, kontak **Suzanne van Deventer** by **suzanne@rata.org.za** of 066 477 8904. **Inbetalings** kan ook gedoen word by: Kinderhuise van die NHKA, ABSA Besigheidsrekening, rekeningnommer 020 390 093, takkode 623 0005, beskrywing Oktoberkamp (e-pos bewys van betaling na **suzanne@rata.org.za).** Hierdie is 'n geleentheid om te belê in 'n kind se toekoms. Saam skep ons 'n beter môre. U is ook welkom om ons **webwerf** te besoek by **www.pleegsorg.org.za** of ons **Facebook-blad** by DPS Huise om op die hoogte te bly van die nuutste verwikkelinge.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.


**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Daar is tye, Heer,
wanneer ek ’n diepe onrus ervaar.
My lewe is vol beproewings,
en ek weet nie wat om te doen nie.
Ek kan nie verstaan
waarom daar soveel lyding moet wees nie,
maar ek vertrou dat U ’n plan het vir my lewe.
Ek vra dat U my altyd sal lei
sodat ek die beste kan maak van elke situasie.
Help my om geluk te vind in klein dinge.
Heer, skenk my die vrede en die vreugde
waarna ek smag.
In Jesus se Naam.
Amen.

**www.happierhuman.com**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk